Noordelike Sinode

TAAKSPAN EKOLOGIE 1&2
Verslag

1. Opdrag

Die taakspan se opdrag was om gemeentes te begelei om ‘n sinvolle en volhoubare ekologiese inset in hulle gemeentes en gemeenskappe te lewer.

2. Lede van die Taakspan

Willem Boshoff (het in 2025 verhuis na Orania), Peet Crous (taakspanleier tot 2025), Willem Ferguson, Paul Grobler (ampshalwe), Paullet Grobler, Louis Lemmer, Tjaart Meyer, Fay van Eeden (sedert 2026), Willie van Heerden (taakspanleier sedert 2026).

Die taakspan se opdrag is gedurende die termyn herhaal. Daar was dus in wese twee taakspanne: Taakspan Ekologie 1 (2023/25), Taakspan Ekologie (2025/26).

3. Uitvoering van die opdrag

3.1 Inleidend

Die taakspan se gesprekke en ander werksaamhede het **gefokus op** die volgende sake:

- Die opstel en beskikbaarstel van ‘n **teologiese raamwerk** wat ‘n poging is om die “waarom” van ekologiebedienings te verhelder en die praktyk van ekologiebedienings te inspireer en informeer.
- Die beskikbaarstelling van **praktiese wenke** oor hoe ‘n ekologiebedienings in gemeentes momentum kan kry rondom bewusmaking, verryking, voorspraak, praktiese stappe en projekte.
- Moontlikhede te ondersoek vir **effektiewe kommunikasie** oor ekologiebedieningsake tussen gemeentes, tussen die taakspan en gemeentes en tussen die taakspanne of groenspanne van verskillende streeksinodes.

3.2 Eko-teologiese raamwerk

'n Voorlopige eko-teologiese raamwerk is in 2024 deur die taakspan opgestel en tydens 'n sitting van die SDR voorgehou met die oog op bespreking.

Sedertdien het die ASM ook 'n Taakspan vir Teologie op die been gebring, waarvan twee van die lede van die Noordelike Sinode se Taakspan tans deel is. Een van die opdragte van daardie taakspan is ook om 'n teologiese raamwerk op te stel vir gebruik deur gemeentes van die NG Kerk. Lede van die Noordelike Sinode speel 'n beduidende rol in die voorbereiding van daardie teologiese raamwerk. Vir daardie doel is geput uit die eko-teologiese raamwerk wat die Noordelike Sinode reeds in konsepformaat voorberei het, maar dit het tegelyk geleentheid gebied vir die verryking en uitbouing van die Noordelike Sinode se voorgestelde eko-teologiese raamwerk.

Lede van die Noordelike Sinode se taakspan het die verrykte dokument vir verdere bespreking en terugvoer voorgelê aan finalejaar teologiestudente van UP, hulle kerklike verteenwoordiger, enkele predikante en geïnteresseerde gemeentelede. Die verdere terugvoer is opgeneem in die weergawe wat as Bylaag A van hierdie verslag voorgelê word.

3.3 Praktiese wenke en aksies

Praktiese wenke het die vorm aangeneem van die beskikbaarstelling van geskrewe mededelings, die inwin van inligting oor bestaande inisiatiewe in gemeentes, bydraes tydens Ringsvergaderings, ensovoorts.

Geskrewe mededelings wat praktiese wenke bevat, sluit die volgende in:

- 'n Dokument wat die taakspan opgestel het oor die invoer van 'n **Seisoen van die Skepping** (gewoonlik van 1 September tot 4 Oktober elke jaar). 'n Aanbieding hieroor is in 2024 tydens 'n vergadering van die Noordelike Sinode se SDR gemaak en 'n opgedateerde weergawe van die dokument word as Bylaag B by hierdie verslag aangeheg.

- ‘n Inligtingstuk oor elektrisiteit en water wat deur Willem Ferguson voorberei is. Dit is beskikbaar by die Lynnwood-gemeente.
- Dagstukkies met ‘n ekologie-fokus van Peet Crous wat in die Verskil-nuusbrief verskyn het.
- ‘n Aantal bydraes van eko-teologiese belang wat Willie van Heerden tot die Verskil-nuusbrief bygedra het.
- Preeksketse wat Willem Boshoff vir die Verskil-nuusbrief voorberei het.

Praktiese wenke is gegee en versamel op die volgende maniere:
- Peet Crous het gemeentes op ‘n deurlopende basis van raad bedien, of wenke versamel rondom herwinning (papier, papierverwante materiaal, batterye, ens.), gryswater, die versorging van blombeddings, verstandige elektrisiteitsgebruik, die plant van inheemse bome (byvoorbeeld tydens doopplegtighede en herdenkingsdienste van afgestorwenes), groentetuine by kerkterreine, gifvrye tuinmaak, kompostering, ens.

Verder is inligting ingewin oor **bestaande inisiatiewe en aksies in gemeentes en ringe**. Voorbeelde hiervan is die volgende:
- Danksy die inisiatief van Fay van Eeden, een van die taakspanlede, is die 2024 dokumentêre film *Plastic People: The Hidden Crisis of Miroplastics* by verskeie gemeentes vertoon. Die film ondersoek mense se afhanklikheid van plastiek en hoe mikroskopies klein stukkies plastiek menslike bloed, organe en breinweefsel geïnfiltreer het.
- Tjaart Meyer het verslag gedoen oor ekologiewerksaamhede in die Ring van Pietersburg/Polokwane, waar onder meer ‘n Groen Pinkster aangebied is.
- Predikante van daardie Ring kom ook gereeld byeen vir boekbesprekings waarná sprekers genooi word om aanbiedings te maak wat met die boektemas verband hou. Een van die boeke wat bespreek is, *Kontra-intuïtief. Om hierdie wêreld as God se skepping te sien. ‘n Gevaarlike en verbysterende belydenis* is geskryf deur die eko-teoloog Ernst Conradie.
- Ds. Morné Jacobs van Die Wierdapark-gemeente het as deel van die gemeente se digitale bediening ‘n reeks van vier ekologiepreke voorberei. Die tema van die reeks is “Ontmoet God in die skepping”.

- By Monumentpark-gemeente is ‘n WhatsApp-groep gestig wat twee maal per week boodskappies uitstuur wat met ‘n groen leefstyl verband hou.
- Lidmate van Monumentpark-gemeente en Lynnwood-gemeente het deelgeneem aan ‘n Saterdagprojek waartydens indringerplante by die Rietvlei Natuurreservaat verwyder is.
- Gemeentes stel hulle geboue beskikbaar vir vergaderings van omgewingsorganisasies, soos Friends of the Moreleta Spruit. Dit bevorder wedersydse kontak en belangstelling.
- Enkele taakspanlede kon tydens Ringsvergaderings aanbiedings maak rondom ekologieverwante temas. By Suidoos-Pretoria gemeente het so ‘n gesprek op sinvolle herwinning gefokus.

3.4 Bydrae van ‘n lid van die taakspan tot ‘n bekroonde publikasie

Fay van Eeden het bygedra tot, en was een van die redakteurs van die boek *Care for Africa. Witnesses of Earthkeeping and Ecological Justice* (2025, uitgegee deur die Christelike Lektuurfonds). Die boek is bekroon met die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys vir teologiese werk in ‘n amptelike taal van Suid-Afrika, behalwe Afrikaans.

3.5 Kommunikasie tussen die sinodale kantoor, die taakspan en gemeentes

Die taakspan het onder die indruk gekom van **hoe waardevol die Verskil-nuusbrief is** vir effektiewe kommunikasie met gemeentes.

Die gedagte het opgekom dat **‘n herkenbare rubriek vir ekologieverwante bydraes** geskep word en dat die Taakspan vir Ekologie, of ‘n groenspan van die Noordelike Sinode verantwoordelikheid neem vir (a) **bydraes met ‘n vaste ritme**, byvoorbeeld een maal per maand, en ook (b) die **opbou van ‘n argief** van bydraes, wenke, nuus, uitnodigings, ens. waartoe ‘n skakel in die Verskil-nuusbrief toegang gee. Bydraes in die nuusbriewe en whatsApp-groepe van ander streeksinodes kan met toestemming ook hier ‘n tuiste vind en toeganklik raak.

4 Verdere beplanning

4.1 Die taakspan is bereid **sit hulle werk in die komende termyn voort te sit.**

4.2 Die taakspan sou in die toekoms kon **fokus op hulp aan gemeentes met die praktiese implementering van ekologiebedienings**, met die klem op:

- die optimale benutting van kommunikasiegeleenthede,
- ervaringsgeleenthede,
- en die ontwikkeling en beskikbaarstelling van materiaal waarby ekologiebedienings in gemeentes kan baatvind.

4.3 Die taakspan se **dokument oor die teologiese raamwerk vir ekologiebedienings (Bylae A) behoort aan die Algemene Sinode se Taakspan vir Ekologie** beskikbaar gestel te word met die oog op die vergadering van die Algemene Sinode in 2027.